R W Nugent SC for the appellant referred to the following authorities: *Lewis Ltd v Norwich Union Fire Insurance Co Ltd* 1916 AD 509 at 515; E Oblowitz Bros v Norwich Union Fire Insurance Society Ltd and Another 1924 CPD 349 at 351-2; *Norwich Union Fire Insurance Society Ltd v SA Toilet Requisite Co Ltd* 1924 AD 212 at 216; *Kliptown Clothing Industries (Pty) Ltd v Marine & Trade Insurance Co of SA Ltd*1961 (1) SA 103 (A) at 106G; *Imprefed (Pty) Ltd v American International Insurance Co Ltd*1981 (2) SA 68 (W) F at 72D (upheld on appeal at 1983 (3) SA 335 (A)); Gordon and Getz *South African Law of Insurance* 3rd ed at 202-3, 219-20; MacGillivray and Parkington *Insurance Law* 8th ed paras 581, 728 and 742; Christie *Law of Contract in South Africa* 2nd ed at 179, 328-9; Wessels *Law of Contract in South Africa* 2nd ed vol 1 paras 1015, 1090-1; Ivamy *General Principles of Insurance Law* 5th ed at 158, 161-3; Joubert (ed) *Law of South Africa* vol G 12 paras 162, 165 and 168; *Jordan v New Zealand Insurance Co Ltd*1968 (2) SA 238 (E); *Van Heerden and Another v Smith*1956 (3) SA 273 (O); *Feinstein v Niggli and Another*1981 (2) SA 684 (A) at 695B-G; S W J van der Merwe (1972) *THRHR* 197 at 200; M F B Reinecke (1984) *TSAR* 95 at 97-8; Patterson *Essentials of Insurance Law* at 354-5; Arnould *Law of Marine Insurance and* H *Average* 16th ed vol 2 paras 598-603; *Beattie v Lord Ebury* (1872) LR 7 ChD 777 at 804; Davis in 1989 Supplement to *South African Law of Insurance* at 24; Kahn *Contract and Mercantile Law Through the Cases* at 874.

W H G van der Linde for the respondent referred to the following authorities (the heads of argument having been drafted by *S F Burger SC*): I P Q R Boberg 'Insurance Warranties are Trumps' (1966) 83 *SALJ* 220; *Jordan v New Zealand Insurance Co Ltd*1968 (2) SA 238 (E); Christie *The Law of Contract in South Africa* 2nd ed at 180, 217; Gordon and Getz *The South African Law of Insurance* 3rd ed at 203, 218, 228-30, 241, 415-6; MacGillivray and Parkington *Insurance Law* 8th ed paras 765-73, 774; J Broodryk v Smuts NO 1942 TPD 47 at 54; *Lewis Ltd v Norwich Union Fire*

1994 (2) SA p124

NESTADT JA

A *Insurance Co Ltd* 1916 AD 509 at 514-5; Reinecke (1984) *TSAR* 95 at 97; Joubert (ed) *Law of South Africa* vol 12 para 168; Van der Merwe (1972) *THRHR* 200.

Cur adv vult.

B *Postea* (November 30).

Judgment

Nestadt JA: Pursuant to a so-called multi-peril policy, the appellant insured the respondent against *inter alia* loss arising from the theft of any of the respondent's vehicles 'left in the open' on its premises. C During the currency of the policy one of such vehicles was stolen. The respondent claimed its value. The appellant repudiated liability on the ground that there had been a breach of what is termed memo 2 (the memo) in the 'Theft' section of the contract. In terms of this provision the respondent 'warranted that all vehicles left in the open must be locked at D all times out of business hours and all keys must be removed and kept in a locked safe'. Though the vehicle in question (which was stolen out of business hours) was locked, its keys were not kept in a safe. Instead they were retained in a cupboard in the respondent's (locked) premises. It is clear therefore that the clause was not complied with. This notwithstanding, Hartzenberg J, in an action brought by the respondent in E the Witwatersrand Local Division, granted judgment (in the sum of R42 588) against the appellant for the value of the stolen vehicle. In doing so the learned Judge applied s 63(3) of the Insurance Act 27 of 1943 (the Act). The issue in this appeal is whether he was correct in doing so.

The material part of s 63(3) reads:

> F 'Notwithstanding anything to the contrary contained in any domestic policy . . . such policy . . . shall not be invalidated and the obligation of an insurer thereunder shall not be excluded or limited . . . on account of any representation made to the insurer which is not true, whether or not such representation has been warranted to be true, unless the incorrectness of such representation is of such a nature as to be likely to have materially affected the assessment of the risk under the said G policy at the time of issue or any reinstatement or renewal thereof.'

The subsection was added to s 63 by s 19 of the Insurance Amendment Act 39 of 1969. The amendment must be seen against the background of the common-law rule that a warranty, being an essential or material term, must be strictly complied with; that if it is breached, the insurer is entitled H to repudiate the claim whether or not the undertaking is material to the risk and even if non-compliance has no bearing on the actual loss that takes place (Gordon and Getz *The South African Law of Insurance* 4th ed at 218). This principle, however, often resulted in hardship to insured persons (as in, for example, *Jordan v New Zealand Insurance Co Ltd*1968 (2) SA 238 (E)). The aim of s 63(3) was to remedy this by protecting I claimants under insurance contracts against repudiations based (in the words of Kriegler AJA in *Qilingele v South African Mutual Life Assurance Society*1993 (1) SA 69 (A) at 74B) 'on inconsequential inaccuracies or trivial misstatements in insurance proposals'. This is achieved by limiting the insured's right to avoid liability to the case where the breach of warranty probably would (to repeat the words of the enactment) J have 'materially affected the

1994 (2) SA p125

NESTADT JA

A assessment of the risk under the . . . policy at the time of issue . . . thereof'. But the warranty must relate to an underlying representation (made to the insurer). This requirement is central to the operation of the section. Hence the enjoinder in it that the policy is not to be invalidated 'on account of any representation made to the insurer which is not true' (whether or not such representation has been warranted to be B true). In other words, and as Joubert (ed) *Law of South Africa* vol 12 para 168 states, 'the section focuses on representations and deals with warranties . . . rather obliquely'. Where, therefore, the warranty is not founded on a representation, it will retain its full common-law effect (Kahn *Contract and Mercantile Law Through the Cases* at 743).

C I have said that the matter for decision is whether s 63(3) applies. That this is so appears from an agreed statement of facts forming part of a special case which, in terms of Supreme Court Rule 33, was placed before the trial Court for its adjudication. Such statement raises neither the issue whether the memo, although warranted, was nevertheless not material, D nor whether, if it was breached, the appellant was entitled to repudiate the claim (rather than cancel the policy). Furthermore, these points were not broached in the Court below. Accordingly, the argument of Mr *Van der Linde*, who appeared for the respondent, that it was open to him to raise them, must be rejected. The consequence of this is to be considered in E conjunction with the appellant's concession that the fact that the keys of the vehicle were kept in a cupboard (where they were found after the theft) rather than in a locked safe did not at any time materially affect the assessment of the risk. So this element of the section does not feature either. In these circumstances, and since it was common cause that the policy under consideration is a domestic one (as defined in s 1 of the F Act), the narrow question that arises, and on which the appeal (in the main) turns, is whether the memo, though warranted, is a representation within the meaning of s 63(3). If it is, the section would operate to save the respondent from the consequences of the warranty having been breached. In this event its claim was rightly allowed and the appeal must fail. On the other hand, if, as the appellant contends, the memo was simply a term G of the policy, s 63(3) would not apply, the respondent should therefore have been non-suited and the appeal must succeed. This is because seeing, as I have said, there is no dispute that the memo was made material, its breach would in the ordinary course have entitled the appellant to repudiate liability under the policy.

H It is necessary in the first place to ascertain the meaning of 'representation' ('voorstelling' in the Afrikaans text) as used in s 63(3). Representation in the present context is a well-established, indeed, basic juristic concept. It is a statement made to induce another to enter into a contract. In relation to insurance, *American Jurisprudence* vol 43 2nd ed para 734 gives the following useful definition: I

> 'A "representation", in the law of insurance, is an oral or written statement by the insured or his authorised agent to the insurer or its authorised agent, made prior to the completion of the contract, giving information as to some fact or state of facts with respect to the subject of the insurance, which is intended or necessary for the purpose of enabling the insurer to determine whether it will accept the risk, and at what premium. Stated differently, a representation is not, strictly J speaking,

NESTADT JA

> A part of the insurance contract, but is collateral thereto. It is a statement made to the insurer before or at the time of making the contract, presenting the elements upon which the risk is either accepted or rejected.'

Whether the statement may relate to the representor's future intentions, ie whether what has been called a promissory representation is included, B is subject to controversy (see *Gordon and Getz (op cit* at 230-1) and in particular the writers referred to in note 138 as also MacGillivray and Parkington on *Insurance Law* 8th ed para 612). It may be that the requirement of 'not true' and 'incorrectness' in the section militates against such a statement qualifying as a representation. In the view I take of the matter, however, it is unnecessary to decide the point. What C is clear (and important for our purposes) is that a representation is a pre-contractual statement and, unlike a term, does not become part of the contract. This is the ordinary meaning of a representation and this is the sense in which it is unambiguously used in the section. Accordingly, there is no room for the application of the rule that in the case of remedial D legislation (which s 63(3) undoubtedly is) a construction which extends the remedy will if possible be adopted *(Slims (Pty) Ltd and Another v Morris NO*1988 (1) SA 715 (A) at 734D-F). In any event, such an approach would be contrary to the principle that statutory invasion of the common law is restrictively interpreted *(Stadsraad van Pretoria v Van Wyk*1973 (2) SA 779 (A) E at 784F-H) and that the Legislature is presumed to have used a word in its ordinary, popular sense (Steyn *Die Uitleg van Wette* 5th ed at 6-7). Perhaps Parliament should have gone further in protecting insured persons (as has been done in some jurisdictions in the United States of America; see *American Jurisprudence (op cit* para 758) and *Gordon and Getz (op cit* at 227)). But it has not done so.

F Normally a representation is contained in a proposal form signed by the person seeking insurance and addressed to the insurer for its acceptance. There are, however, other forms that a representation could take; it may be oral and it may be implied *(inter alia* from conduct). It may even be inserted in the policy, but this does not prevent it from being construed as a representation (Ivamy *General Principles of Insurance Law* 5th ed at G 307; see also *Prima Toy Holdings (Pty) Ltd v Rosenberg*1974 (2) SA 477 (C) at 484). Has there, *in casu*, in any manner been a representation to the appellant relating to where the keys of the vehicles would be kept? In my opinion there has not. To begin with, the memo (on which, as I have said, the respondent's case rests) does not, so it seems to me, contain either a H statement of fact or even a representation as to future conduct. Its language ('all keys must be . . . kept in a locked safe') is unequivocally that of a contractual undertaking. The use of 'It is warranted' and 'must' fortifies this conclusion. 'Warranty' speaks for itself. The word 'must' is primarily of mandatory effect *(Black's Law Dictionary* 5th ed at 919); it connotes that which is imperative *(Berman v Cape Society of Accountants* I *and Auditors* 1928 (2) PH M47 (C)). So no question of the memo being true or untrue (compare the wording of s 63(3)) arises. Also of significance is that the appellant 'at all times intended that memo 2 . . . should constitute a term of the policy'. (I quote from the stated case.) This too tends to show that it is not a representation. Regarding a fire policy which provided that the insured 'warranted that (it) keeps a complete set J of books . . . and that

NESTADT JA

A same are locked in a fireproof safe', Innes CJ in *Lewis Ltd v Norwich Union Fire Insurance Co Ltd* 1916 AD 509 at 515 said:

> 'That the clause above is a warranty and not an ordinary representation is clear. Not only is it expressly so styled, but the nature of its provisions and the absence of any indication to the contrary in the context leave no doubt that it was meant to be exactly what it was called. B And the language is plain; a complete set of books in connection with the business must be kept, and they must be locked in a

> fireproof safe or otherwise guarded as directed.'

I can see no difference in principle between that case and this one.

There is, however, a more basic reason for concluding that the respondent made no representation and that s 63(3) cannot therefore avail it. One C must consider how the memo was introduced into the policy. This appears from the agreed statement of facts. There was no proposal form. What happened was that details of the insurance required by the respondent were set out in a written application for insurance which was submitted on its behalf by a broker to the appellant. The appellant was prepared to insure the respondent. But it required certain terms, including the memo, to be D part of the contract. In the result, the policy which was then issued (and accepted by the respondent) included the clause in question. Clearly, therefore, it emanated from the appellant. It was the appellant who, in advance, stipulated on what terms it was prepared to insure the respondent. All the respondent did was to accept what amounted to an offer E by the appellant. The respondent itself made no prior statement which induced the appellant to contract. Indeed the stated case records that 'no relevant representations were made' by or on behalf of the respondent 'prior to the issue of' the policy. Counsel, however, whilst not disputing this, submitted (on the strength of what is stated in *Law of South Africa (op cit* at 165)) that, by agreeing to the policy in the terms laid down by F the appellant, the respondent impliedly represented that it would comply with the memo. I am unable to accede to the argument. It is not one which is raised in the stated case. In any event, it is flawed. I have difficulty in seeing how the acceptance of an offer can be construed as a representation (in the sense under consideration) that the offeree will perform his contractual obligations. By the time the policy was issued to G the respondent, the appellant had assessed the risk and fixed the premium. The respondent's acceptance can in no way be said to have induced the appellant to contract. Certainly there was no evidence before us to this effect.

The result is that, contrary to what the Court *a quo* held, s 63(3) was not applicable and the memo having been breached, the respondent's claim was H bound to fail.

The following order is made:

(1) The appeal succeeds with costs.

(2) The order of the Court *a quo* is set aside. The following order is substituted:'The plaintiff's claim is dismissed with costs.'

Joubert JA, Hoexter JA, Smalberger JA and Vivier JA concurred.

Appellant's Attorneys: *Deneys Reitz*, Johannesburg; *Webbers*, Bloemfontein. Respondent's Attorneys: *J A Redelinghuys*, Johannesburg; *McIntyre & Van der J Post*, Bloemfontein.

STANDER v RAUBENHEIMER 1996 (2) SA 670 (O)

1996 (2) SA p670

Citation	1996 (2) SA 670 (O)
Case No	A31/94
Court	Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling
Judge	Malherbe R, BECKLEY R
Heard	August 8, 1994
Judgment	August 11, 1994
Counsel	C Ploos van Amstel namens die appellant (eiser). D G Grobler namens die respondent (verweerder)
Annotations	Link to Case Annotations

Flynote : Sleutelwoorde

B Versekering - Versekeringsmakelaar - Plig van teenoor versekerde - Versekerde het huishoudelike polis uitgeneem in terme waarvan inhoud van huise met grasdakke nie gedek is nie - Versekerde het van adres verander en makelaar c daarvan in kennis gestel maar nie van feit dat nuwe huis grasdak gehad het nie - Makelaar het versekerde ook nie oor tipe dak uitgevra nie - Huis brand af - Versekeraar repudieer eis vir verlies van inhoud - Versekerde stel eis teen makelaar in op grond daarvan dat makelaar sy kontraktuele plig teenoor versekerde om nodige besonderhede te bekom versuim het - Plig op makelaar om D toe te sien dat inhoud van huis behoorlik verseker is - Omdat makelaar geweet het dat inhoud van grasdakhuis nie beskerming onder polis geniet het nie, was daar plig op hom om nodige vrae oor dak van nuwe huis aan versekerde te vra - Versekerde se eis teen makelaar toegestaan.

Headnote : Kopnota

E Die verweerder (respondent) was die eiser (appellant) se versekeringsmakelaar en E Bpk sy versekeraar vir soverre dit die inhoud van sy huis betref het. Toe die versekering uitgeneem is het die eiser se huis voldoen aan die omskrywing van 'geboue' in die polis; met ander woorde dit was van 'standaardkonstruksie' en het *nie* 'n grasdak gehad nie. Gedurende 1988 het die eiser 'n nuwe huis met 'n grasdak laat bou. Hy het die verweerder telefonies opdrag gegee om die versekeraar van F die nuwe adres in kennis te stel. Die eiser het nie aan die verweerder openbaar dat die huis 'n grasdak gehad het nie en die verweerder het hom ook nie daaroor uitgevra nie. In 1990 het die huis met inhoud en al afgebrand. E Bpk het die eiser se eis vir die verlies van die inhoud gerepudieer op grond daarvan dat die eiser nie openbaar het dat die huis 'n grasdak gehad het nie, maar nogtans 'n *ex gratia* uitbetaling van R30 000 aan die eiser gemaak. Die eiser het die balans van sy skade (die ooreengekome bedrag van R33 164) in 'n Provinsiale Afdeling van die G verweerder gevorder op grond daarvan dat hy sy kontraktuele plig as makelaar versuim het deurdat hy nagelaat het 'om besonderhede aangaande die dakstruktuur . . . te bekom en aan die versekeringsmaatskappy te openbaar'. Die verweerder het gepleit dat dit die eiser se plig was om te openbaar dat die huis 'n grasdak gehad het maar toegegee dat hy geweet het dat die eiser se huisinhoud nie gedek sou gewees het nie indien dit in 'n grasdakhuis beskadig of vernietig sou word. Die eis is deur die Hof *a quo* afgewys. Op appèl,

H *Beslis*, wat betref die inhoud van die verweerder se kontraktuele verpligtinge, dat die eiser se getuienis dat die verweerder uitdruklik onderneem het om toe te sien dat die

eiser 'te alle relevante tye gedek en verseker is teen die intrede van skade aan die inhoud van eiser se woonhuis, waar ook al geleë en ongeag die konstruksie' daarvan, nie deur die verweerder weerlê is nie. (Op 674I-675A.)

Beslis, verder, dat die verweerder se erkenning dat hy stilswyend onderneem het I om 'in die uitoefening van sy pligte as makelaar redelike en behoorlike sorgsaamheid en kundigheid aan die dag te lê' in ooreenstemming was met wat regtens van 'n versekeringsmakelaar verwag word. (Op 675B.)

Beslis, verder, dat dit uit die verweerder se toegewing dat hy geweet het dat die eiser se huisinhoud nie gedek sou gewees het nie indien dit in 'n grasdakhuis beskadig of vernietig sou word gevolg het dat die verweerder nie sy uitdruklike onderneming teenoor die eiser gestand kon doen sonder om by die eiser vas te stel J of sy nuwe huis nie moontlik 'n grasdak gehad het nie. (Op 675E.)

1996 (2) SA p671

A *Beslis*, derhalwe, dat aangesien die verweerder geweet het dat die inhoud van 'n grasdakhuis nie beskerming sou geniet nie, hy sy plig slegs behoorlik kon uitvoer deur die nodige vraag of vrae daaroor te vra. (Op 676H/I.) Appèl gehandhaaf.

Flynote : Sleutelwoorde

Insurance - Insurance broker - Duty of to Insured - Insured having taken out domestic policy in terms of which contents of houses with thatched roofs not B covered - Insured having changed residential address and having informed broker thereof but not of fact that new house had thatched roof - Broker also not having questioned insured about structure of roof - Insured's house burning down - Insurer repudi-ating claim for loss of contents - Insured suing broker on basis that broker failed in his contractual duty to obtain relevant information from him - Broker having duty to make sure that contents of insured's home properly insured - Inasmuch as broker aware of fact that thatched houses not C covered by policy, duty on him to ask insured necessary questions regarding structure of roof - Insured's claim against broker allowed.

Headnote : Kopnota

The plaintiff (appellant) had insured the contents of his home with E Ltd, and the defendant (respondent) had been his broker. When the plaintiff had taken out the insurance, his home had complied with the definition of 'buildings' ('geboue') in the policy; in other words, it was of 'standard construction' ('standaardkonstruksie') and D did *not* have a thatched roof. During 1988 the plaintiff had a new home built. Although he telephonically requested the defendant to inform E Ltd of his new residence, he neglected to inform the defendant of the fact that it had a thatched roof. The defendant also did not question the plaintiff about the structure of the roof. During 1990 a fire destroyed the house and its contents. E Ltd repudiated the plaintiff's claim relating to the contents of the house on the ground that the plaintiff had failed to disclose the fact that the house had a thatched roof, but nevertheless E made an *ex gratia* payment to him of R30 000. The plaintiff claimed the balance of his damages (an agreed amount of R33 164) from the defendant in a Provincial Division on the ground that he had failed to perform his contractual duty as broker by neglecting to obtain from the plaintiff and disclose to the insurer details regarding the structure of the roof in question. The defendant pleaded that it had been the plaintiff's duty to disclose the fact that the house had a thatched roof but conceded that he was aware thereof that the contents of the house would not have F been covered if they were damaged or destroyed in a house with a thatched roof. The Court *a quo* dismissed the claim. On appeal,

Held, as to the nature of the defendant's contractual obligations, that the plaintiff's testimony that the defendant had expressly undertaken to ensure that the plaintiff was at all relevant times covered against damage to the contents of his home, wherever situated and however constructed, had not been controverted by the defendant. (At 674I-675A.)

G

Held, that the defendant's admission that he had impliedly agreed to act with reasonable and proper skill and care in the exercise of his duty as broker was consistent with what was legally expected from insurance brokers. (At 675B.)

Held, further, that it followed from the defendant's concession that he had known that the contents of the plaintiff's house would not be covered if they were damaged or destroyed in a house with a thatched roof that the defendant could not fulfil his H express undertaking *vis-à-vis* the plaintiff without first ascertaining from him whether his new house had a thatched roof. (At 675E.)

Held, accordingly, that, inasmuch as the defendant knew that the contents of a house with a thatched roof would not be covered by the policy, he could only fulfil his duty by asking the plaintiff the necessary question or questions regarding the structure of the roof. (At 676H/I.) Appeal upheld.

I

Die Hof het die volgende besliste sake in sy uitspraak aangehaal/The following decided cases were cited in the judgment of the Court:
*Gordon v A A Mutual Insurance Association Ltd*1988 (1) SA 398 (W)
McNealy v The Pennine Insurance Co Ltd, West Lanc Insurance Brokers Ltd and Carnell [1978] 2 Lloyd's LR (CA).

J

1996 (2) SA p672

Case Information

A Appèl teen 'n beslissing van 'n enkel Regter (Edeling R). Die feite blyk uit die uitspraak van Malherbe R.

C Ploos van Amstel namens die appellant (eiser).

D G Grobler namens die respondent (verweerder).

Cur adv vult.

B

Postea (11 Augustus 1994).

Judgment

Malherbe R: Hierdie appèl is gerig teen die uitspraak van my Kollega Edeling in die Hof *a quo* waarin hy appellant se vordering teen respondent afgewys het met C koste. (Gerieflikheidshalwe verwys ek na appellant en respondent onderskeidelik as eiser en verweerder soos wat hulle in die verhoor gesiteer was.)

Die feite van die saak is eenvoudig en kan soos volg saamgevat word:

1. Verweerder was eiser se versekeringsmakelaar vir soverre dit die inhoud van eiser se huis betref.

D 2. Hierdie huisinhoud was by die SA Eagle Versekeringsmaatskappy Bpk verseker teen verlies of skade veroorsaak deur 'n hele aantal gebeurlikhede, onder andere brand, storm of diefstal.

3. Toe die versekering oorspronklik uitgeneem is, het eiser se huis voldoen aan die omskrywing van 'geboue' in die betrokke polis, met E ander woorde dit was van sogenaamde standaardkonstruksie en het *nie* 'n grasdak gehad nie.

4. Eiser het van tyd tot tyd verhuis en het telkens aan verweerder telefonies opdrag gegee om sy verandering van adres aan die versekeraar oor te dra. Dit het verweerder getrou gedoen.

5. Gedurende 1988 het eiser 'n nuwe huis laat bou. Hierdie huis het 'n F grasdak gehad. Eiser het weereens vir verweerder telefonies opdrag gegee om die versekeraar in kennis te stel van die nuwe adres waar die versekerde huisinhoud voortaan sou wees. Tydens hierdie gesprek het eiser nie aan verweerder openbaar dat sy nuwe huis 'n grasdak het nie en verweerder het hom ook nie uitgevra oor die tipe dak van die huis nie.

G 6. Die betrokke polis is daarna jaarliks hernu sonder dat die ver-sekeraar ingelig is dat die huisinhoud in 'n huis met 'n grasdak is.

7. In September 1990 brand eiser se huis af en word die inhoud daarvan ook deur die brand verwoes.

8. Die versekeraar repudieer eiser se eis vir die verlies van die inhoud H van die huis op grond daarvan dat hy nie geopenbaar het dat sy huis 'n grasdak het nie, maar maak nogtans aan hom 'n *ex gratia* betaling van R30 000.

9. Eiser vorder die balans van sy skade (die ooreengekome bedrag van R33 164) van verweerder op grond daarvan dat verweerder sy kontraktuele plig as makelaar versuim het deurdat hy nagelaat het

I 'om die nodige besonderhede te bekom en aan die verseke-ringsmaatskappy te verskaf en in besonder het verweerde-r nagelaat om besonderhede aangaande die dakstruktuur van die woning . . . te bekom en aan die versekeringsmaatskappy te openbaar'.

J In kort is eiser se saak dus dat toe hy aan verweerder kennis gegee het van

1996 (2) SA p673

MALHERBE R

A sy laaste adresverandering verweerder vir hom moes uitgevra het oor die dakstruktuur van die nuwe huis terwyl verweerder pleit dat dit eiser se plig was om te openbaar dat die huis 'n grasdak het.

Namens eiser het hyself en ene Peter Trisos, 'n ervare versekeringsmakelaar, getuig. Verweerder het geen getuienis aangebied nie.

B Trisos het getuig oor die pligte van 'n makelaar wanneer die versekerde hom in kennis stel van 'n adresverandering soos in die onderhawige geval. Ek haal slegs die volgende passasies uit sy getuienis aan:

> 'Let us assume that I have moved as your client, I have changed my residential address, what questions will you then ask me? - Before or after renewal?
>
> Well when I ask you to do the necesary amendments. - To amend the risk?

C Yes. - I would ask you if there is any amendment to the risk, what area you are staying in, are there any vacant properties around your risk, anything pertaining to the risk. May I give an example, if we could have a house that is fully burglar-barred, on the first occasion we would need to ask you if your new house still has burglar-bars or not, and construction obviously, is it standard or not.

. . .

D *Court:* I beg your pardon, would not? - I believe that brokers, a lot of brokers would not ask the question.

> About what? - Whether there was a thatched roof house or not, or whether the house was thatched.
>
> If he moved to a new house? - That is correct.
>
> Whether it has a thatch or not - yes.

E So are you saying your competition is not as good as you are? - I am saying that if I do not ask the question I probably err.

> You probably? - I probably err.
>
> You have error. And you are saying there are insurance companies and are you suggesting that they all err in doing so, or are you saying it is normal not to do it. Not to ask. This is what counsel wants, you see. - Normal practice would be F to ask, if you do not ask then I think you are making an error.
>
> You are making an error if you do not ask? - Yes

. . .

> So you are adamant that you will ask each and every insured that phones in to change his address with you, one of your clients, that you will ask him whether his roof is not of thatch? - Whether there is anything pertaining to the risk that G changes and is the construction standard.'

Die Hof *a quo* het aanvaar dat Trisos 'n deskundige op die betrokke gebied is en sê in sy uitspraak dat Trisos 'n goeie indruk as getuie gemaak het. Nadat die geleerde Verhoorregter Trisos se getuienis opgesom het, sê hy egter die volgende in sy uitspraak:'Mnr Trisos is deur geen getuie weerspreek nie en sy getuienis moet in breë trekke aanvaar word. Daar is egter niks wat hy gesê het wat my noop om tot die konklusie te kom dat daar 'n regsplig weens algemene beginsels of in die omstandighede van hierdie saak, op die verweerder gerus het om homself te vergewis van die konstruksie van die nuwe huis se dak en dienooreenkomstig stappe te neem nie. Die bestaan van so 'n plig sal na my mening afhang van die presiese aard en omvang van

elke afsonderlike makelaarsooreenkoms. Ek is ook van mening dat die effek van die res van die getuienis, naamlik die getuienis van die eiser self en die dokumentêre getuienis, tot die teendeel getuig, naamlik dat daar waarskynlik geen sodanige verstandhouding of verpligting ingevolge die onderhawige kontrak bestaan het nie.'

J Hierdie bevinding is in stryd met wat Trisos getuig het en is, met eerbied, nie geregverdigd nie.

1996 (2) SA p674

MALHERBE R

A Eiser het getuig dat hy aanvanklik van die betrokke makelaarsfirma se dienste gebruik gemaak het om sy korttermynversekering (insluitende die versekering van sy huisinhoud) te behartig

'omdat hulle vir my verduidelik het dat hulle is spesialiste en hulle gee mens gemoedsrus, hulle kyk na dat jou korttermynverskering reg loop, jou versekering reg loop, dat daar nie sal foute insluip nie'.

B

Hy getuig verder dat verweerder uitdruklik teenoor hom onderneem het

'dat hy na my versekering sal omsien. Dat dit altyd reg sal wees en dat ek nie hoef te bekommer oor versekering nie . . . (en) dat hy die versekering vir my in stand sal hou.'

C Met betrekking tot eiser sê die geleerde Verhoorregter dat hy 'n swak indruk as getuie gemaak het, dat sy getuienis onaanvaarbaar is

'. . . en die konklusie waartoe ek kom, is dat hy wel deeglik bewus was van die tersaaklike gedeelte van die polisvoorwaardes en die feit dat sy nuwe huis nie meer gekwalifiseer het in terme van die voormelde polisvoorwaardes nie. Vir redes wat slegs aan homself bekend is, het hy die feit dat sy huis 'n grasdak het D teenoor sy makelaar sowel as SA Eagle opsetlik of nalatiglik verswyg toe hy hulle in kennis gestel het van sy nuwe adres en daarna, en moes dit te alle tersaaklike tye vir hom duidelik gewees het dat die verweerder nie geweet het van die bestaan van die grasdak nie.'

Ek meen met eerbied dat hierdie konklusie nie geregverdigd is nie.

E Eerstens, is dit nie heeltemal duidelik na watter 'tersaaklike gedeelte' van die polisvoorwaardes die geleerde Regter verwys nie. Voor ons was die advokate dit egter met mekaar eens (en ek stem daarmee saam) dat Edeling R waarskynlik verwys na die omskrywing van 'inhoud' en 'geboue' op bl 12 van die polis. Daar is geen getuienis dat eiser die polis, of hierdie gedeelte daarvan, gelees of bestudeer F het nie en, indien wel, of hy dit behoorlik verstaan het nie. Trouens, eiser getuig uitdruklik dat hy die polis *nie* gelees het nie. Die onbetwiste getuienis van Trisos is dat ongeveer 98% van kliënte *nie* polisdokumente lees nie. Tweedens, is daar geen basis vir die stelling dat eiser opsetlik verswyg het dat sy nuwe huis 'n grasdak het G nie. Die vraag kan gevra word waarom hy dit sou doen en die risiko loop dat hy groot skade gaan ly? Namens verweerder het mnr *Grobler* tereg nie hierdie bevindings van die geleerde Verhoorregter probeer ondersteun nie.

Om op te som tot dusver: Na my mening is die geleerde Verhoorregter se bevindings met betrekking tot die effek van Trisos se getuienis en die geloofwaardigheid van eiser in die algemeen, nie geregverdigd nie.

H Alhoewel die geleerde Verhoorregter Trisos se getuienis aanvaar het dat

'dit ook die plig is van 'n makelaar om toe te sien dat sy kliënt behoorlik verseker is',

I is dit in hierdie saak nie nodig om op Trisos se getuienis te steun om te bepaal wat verweerder se kontraktuele verpligtinge teenoor eiser was nie. Ek sê dit omdat eiser self duidelike en aanvaarbare getuienis daaroor afgelê het soos hierbo aangetoon en sy getuienis nie deur weerleggende getuienis ontsenu is nie. Hierdie getuienis van eiser klop met die bewering in die besonderhede van vordering, nl dat J verweerder onder-neem het om toe te sien

1996 (2) SA p675

MALHERBE R

'dat eiser te alle relevante tye behoorlik gedek en verseker is teen die intrede van skade aan die inhoud van eiser se woonhuis, waar ook al geleë en ongeag die konstruksie van sodanige woonhuis'.

In sy verweerskrif het verweerder erken dat hy stilswyend onderneem het om

'In die uitoefening van sy pligte as makelaar redelike en behoorlike B sorgsaamheid en kundigheid aan die dag te lê'.

Hierdie erkenning is in ooreenstemming met wat regtens van 'n professionele versekeringsmakelaar verwag word en wat soos volg omskryf word deur Ivamy in *General Principles of Insurance Law* 5de uitg op 516:

'It is the duty of the agent, in the exercise of the authority entrusted to him, to C act with reasonable and proper care, skill and diligence.

If he is a professional agent, such as a broker, the standard by which the duty is to be measured is that of persons of experience and skill in his profession and in the place where he was employed to perform it. . . .

Whether he has actually acted with the required degree of skill depends in each case on the circumstances.'

D

Hierdie passasie is met goedkeuring aangehaal in *Gordon v AA Mutual Insurance Association Ltd*1988 (1) SA 398 (W) en ek vereenselwig my met eerbied daarmee.

Namens verweerder het mnr *Grobler* tereg toegegee dat verweerder geweet het dat E eiser se huisinhoud nie onder die betrokke polis gedek sou wees indien dit in 'n grasdakhuis beskadig of vernietig sou word nie. Hieruit volg dit na my mening dat verweerder nie sy uitdruklike onderneming teenoor eiser gestand kon doen sonder om by eiser vas te stel of sy nuwe huis nie moontlik 'n grasdak het nie. Steun vir hierdie standpunt word gevind in Trisos se getuienis omtrent die pligte van 'n F makelaar in sulke omstandighede, asook in *McNealy v The Pennine Insurance Co Ltd West Lanc Insurance Brokers Ltd and Carnell* [1978] 2 Lloyd's LR 18 (CA) waarop mnr *Ploos van Amstel* sterk gesteun het in die Hof *a quo* sowel as op appèl.

In die *McNealy*-saak het die appellant aan die versekeringsmakelaars (die tweede G en derde respondente) opdrag gegee om sy motor te verseker. Hulle het hierdie opdrag aanvaar en die versekering by die eerste respondent uitgeneem. Eerste respondent het lae premies aangebied aan 'n beperkte klas van motoreienaars. So byvoorbeeld is 'bookmakers', 'jockeys and others connected with racing', 'whole or part-time musicians' uitgesluit om versekering teen die lae premies te bekom. Die H makelaars het vir appellant gevra wat sy beroep is en hy het volkome eerlik geantwoord dat hy 'n 'property repairer' is. Hy is egter nie gevra of hy nie moontlik een van die uitgeslote beroepe beoefen nie. Hy was inderdaad ook 'n 'part-time musician' en eerste respondent het sy eis gerepudieer. Wat die pligte van die makelaars in daardie omstandighede betref, sê die geleerde Regters van appèl onderskeidelik die volgende:

I Denning MR:

'It was clearly the duty of the broker to use all reasonable care to see that the assured, Mr McNealy, was properly covered. . . . I am afraid the broker did not do his duty. He did not go through that list with Mr McNealy at all. He simply asked him what was his occupation. . . . The broker ought to have gone on and asked: "Have you ever been or are J you a full or part-time musician?" '

1996 (2) SA p676

MALHERBE R

A Shaw LJ:

'I agree. . . . It was within the knowledge of the broker that there were numerous categories and classes of persons who were not acceptable to the intended insurers. It seems to me that this was so special a category that specific questions should have been put to the proposer to see whether he fell within that or any other unacceptable category.'

B

Waller LJ:

'I agree. . . . It was clearly his duty to make as certain as he reasonably could that the plaintiff, Mr McNealy, came within the categories acceptable to the Pennine Insurance Co, and the only way in which he could properly do that . . . was to show him the list and probably go C through it with him to make sure that the plaintiff understood that he had to be outside those particular risks. . . .'

In sy uitspraak haal die geleerde Verhoorregter die kopstuk van die *McNealy*-uitspraak

aan en vervolg dan soos volg:'Na my mening is die regsbeginsels uiteengesit in die betrokke passasie nie heelhuids van toepassing op die onderhawige saak nie. Dit word bepaal deur die besondere omstandighede van daardie saak. Die belangrikste punt wat daardie saak onderskei van die onderhawige is dat in die McNealy-saak 'n spesifieke polis in terme waarvan sekere persone uitgesluit is deur die makelaars aan die eiser bemark is in reaksie op sy versoek en opdrag dat 'n geldige versekering van sy voertuig bekom moet word, sonder om enige poging aan te wend om vas te stel of hy vir die betrokke polis waarop deur die makelaars besluit is, kwalifiseer. In die onderhawige saak het ons glad nie te doene met 'n geval waar die makelaars enige aanbeveling aan hul kliënt maak of enigiets aan hom bemark nie. Dit is inteendeel 'n geval waar die kliënt opdrag aan die makelaars gee om 'n spesifieke opdrag uit te voer, naamlik om die versekeraar van 'n bestaande polis in kennis te stel van 'n wysiging van 'n tersaaklike adres. Hierdie opdrag is tot daardie mate behoorlik uitgevoer. Dit is so dat sodanige nuwe adres juis 'n verandering in die risiko faktor teweeggebring het, maar die vraag of daar 'n kontraktuele ver-pligting op die makelaars gerus het om ook die moontlikheid van sodanige verandering in die risikofaktor weens die verandering in die risiko-adres te ondersoek, en toepaslike stappe te neem om die instandhouding van die versekering te bewerkstellig, is geheel en al te onderskei van die vraag wat ter sprake was in die McNeally-saak.'

Met eerbied meen ek nie dat hierdie onderskeiding korrek is nie: Alhoewel verweerder in die onderhawige saak nie 'n aanbeveling aan eiser gemaak het of iets H aan hom bemark het nie, was dit verweerder se plig om toe te sien dat eiser se huisinhoud by die nuwe adres behoorlik verseker is. Aangesien verweerder geweet het dat die inhoud van 'n grasdakhuis nie beskerming onder die bestaande polis sou geniet het nie, kon hy sy plig slegs behoorlik uitvoer deur die nodige vraag of vrae daaroor aan eiser te vra, soos beslis is in die *McNealy*-saak. Dit is nie onredelik I om dit van 'n professionele makelaar te verwag nie. Dit is hierdie plig wat verweerder nie nagekom het nie.

Die omvang van eiser se skade is nie in geskil tussen die partye nie. Trouens, dit is reeds in sy verweerskrif deur verweerder erken. Dit was ook gemenesaak tussen die partye dat indien eiser die beweerde kontrakbreuk bewys, verweerder deur hom J aanspreeklik is vir die volle omvang van sy skade.

1996 (2) SA p677

MALHERBE R

A Gevolglik slaag die appèl met koste. Die bevel van die Hof *a quo* word tersyde gestel en vervang met die volgende:

> 'Vonnis ten gunste van eiser in die bedrag van R33 164 plus rente op gemelde bedrag *a tempore morae* teen 18,5% per jaar en koste van geding.'

B Beckley R en Cillié R het saamgestem.

Appellant (Eiser) se Prokureurs: *Wessels & Smith*. Respondent (Verweerder) se Prokureurs: *Symington & De Kock*. C

STEYN v AA ONDERLINGE ASSURANSIE ASSOSIASIE BPK 1985 (4) SA 7 (T)

1985 (4) SA p7

Citation	1985 (4) SA 7 (T)
Court	Transvaalse Provinsiale Afdeling
Judge	De Villers R
Heard	February 22, 1984
Judgment	March 2, 1984
Annotations	Link to Case Annotations

Flynote : Sleutelwoorde

Versekering - Versekerbare belang - Begrip dien alleenlik om te onderskei tussen afdwingbare en nie-afdwingbare c kontrakte waar die kontrak as 'n weddenskap bestempel kan word - Ondersoek moet eerder wees om te bepaal of 'n kontrak op 'n weddenskap neerkom al dan nie - Eiser het huis waarvan hy kostelose okkupasie gehad het vir solank as wat elenaar daarvan dit nie benodig het nie, verseker - Sodanige kontrak nie 'n weddenskap nie en kontrak afdwingbaar - Eiser nie in D staat om te eis aangesien hy nie geopenbaar het dat hy 'n ongerehabilliteerde insolvent was nie - Die feit dat sommige amptenare van maatskappy (nie die persone met wie eiser ooreengekom het nie) daarvan geweet het, het nie beteken dat E maatskappy daarvan kennis gedra het nie.

Versekering - In die algemeen - Toepaslike regsbeginsels - Geen regverdiging vir die toepassing van beginsels van Engelse versekeringsreg (insluitende teorie van versekerbare belang) in Suid-Afrika nie - Geen rede waarom versekeringskontrak nie ingevolge beginsels van F Romeins-Hollandse reg benader moet word nie.

Headnote : Kopnota

Die eiser het aksie ingestel teen die verweerder assuransiemaatskappy ingevolge twee versekeringskontrakte; een wat sy meubels gedek het en die ander wat 'n huis gedek het. 'n Vuur het die huis en die inhoud daarvan vernietig en vir die doeleindes van die aksie was daar ooreengekom oor die kwantum van die verlies. Die enigste twee punte in geskil by die G verhoor was: *(a)* dat, alhoewel die verweerder toegegee het dat die eiser 'n versekerbare belang gehad het in die meubels, hy geen sodanige belang in die huis gehad het nie; en *(b)* dat die eiser nie geopenbaar het nie dat hy 'n ongerehabiliteerde insolvent was toe hy die versekeringskontrakte aangegaan het. Dit het geblyk dat die eiser die betrokke huis bewoon het ingevolge 'n skikkingsooreenkoms wat uit litigasie voortgespruit het en dat hy die huis kosteloos bewoon het en H gratis water en elektrisiteit ontvang het vir solank as wat die Provinsiale Administrasie, die eienaar daarvan, dit nie benodig het nie. Die verweerder het aangevoer dat die eiser se reg om die huis kosteloos te bewoon, nie 'n versekerbare belang was nie aangesien die Provinsiale Administrasie op enige stadium sy padbouprogram kon begin en sodoende die huis kon sloop.

Beslis, dat dit dikwels uit die oog verloor is dat die "versekerbare belang" begrip alleenlik gedien het om te I onderskei tussen afdwingbare en nie-afdwingbare versekeringskontrakte waar die kontrak as 'n weddenskap bestempel kon word: die ondersoek moes eerder gewees het om te bepaal of die kontrak neergekom het op 'n weddenskap, en nie deur vas te stel of die versekerde 'n versekerbare belang gehad het al dan nie.

Beslis, verder, dat dit duidelik was dat die eiser nie 'n weddenskap met die verweerder aangegaan het nie en die J ooreenkoms was derhalwe afdwingbaar.

1985 (4) SA p8

A Beslis, verder, dat dit die plig van die eiser was om die verweerder in kennis te stel dat hy 'n ongerehabiliteerde insolvent was: hierdie inligting was vir die verweerder belangrik en dit sou die eiser se goedere nie verseker het nie as dit geweet het dat hy 'n insolvent was.

Beslis, verder, op die getuienis, dat die verweerder maatskappy nie ingelig was oor die insolvensie van die eiser nie.

Beslis, verder, dat alhoewel sekere amptenare van die B verweerder maatskappy moontlik geweet het dat die eiser insolvent was, dit nie beteken het dat die amptenaar met wie die eiser gekontrakteer het dit geweet het en dit kon derhalwe nie die kennis van die maatskappy gewees het nie. Eise van die hand gewys.

Semble: Daar bestaan geen regverdigingsgrond vir die toepassing in die Suid-Afrikaanse versekeringsreg van die beginsels van C die Engelse versekeringsreg (insluitende die teorie van versekerbare belang) en daar is geen rede waarom die versekeringskontrak nie ingevolge die beginsels van die Romeins-Hollandse reg benader moet word nie.

Flynote : Sleutelwoorde

Insurance - "Insurable interest" - Concept of serves only to distinguish between enforceable and unenforceable contracts where contract could be regarded as a wager - Enquiry should rather be to determine whether contract amounted D to a wager or not - Plaintiff insuring a house to which he had right of free occupation for as long as owner thereof did not require the land - Such not a wager and contract enforceable - Plaintiff unable to claim, however, as he had not disclosed that he was an unrehabilitated insolvent - Fact that certain officials (not being the persons with whom plaintiff had contracted) knew thereof, did not mean that company had knowledge thereof.

E Insurance - Generally - Applicable legal principles - No justification for the application of the principles of English insurance law (including the theory of insurable interest) in South Africa - No reason why the contract of insurance should not be considered according to the principles of the Roman-Dutch law.

Headnote : Kopnota

F The plaintiff instituted action against the defendant insurance company in terms of two insurance policies; one covering his furniture in a house and the other covering the house itself. A fire had destroyed the house and all its contents and for the purposes of the action the parties had agreed on the *quantum* of the loss. The only two points in issue at the trial were: *(a)* that, although the defendant conceded that the plaintiff had an insurable interest in the furniture, he had no such interest in G the house; and *(b)* that the plaintiff had not disclosed that he was an unrehabilitated insolvent when he concluded the insurance contracts. It appeared that the plaintiff occupied the house in question in terms of a settlement agreement arising from litigation. He occupied the house and received water and electricity free of charge for as long as the Provincial Administration, the owner thereof, did not require it. The defendant contended that the plaintiff's right to stay H in the house free of charge was not an insurable interest as the Provincial Administration could at any stage begin its roadbuilding programme and demolish the house.

Held, that it was often forgotten that the concept of insurable interest served only to distinguish enforceable and unenforceable insurance contracts where the contract could be regarded as a wager: the enquiry should rather be to determine I whether or not the contract amounted to a wager, and not by determining whether the insured had an insurable interest.

Held, further, that it was clear that the plaintiff had not entered into a wager with the defendant and the agreement was enforceable.

Held, further, that it was the duty of the plaintiff to have informed the defendant that he was an unrehabilitated insolvent: for the defendant this information was important and it would not have insured his goods had it known that he was an insolvent.

Held, further, on the evidence, that the defendant company had J not been informed about the plaintiff's insolvency.

1985 (4) SA p9

DE VILLIERS R

Held, further, that, although certain officials in the A defendant company possibly knew that the plaintiff was insolvent, this did not mean that the official who had contracted with

the plaintiff knew this and it could accordingly not be said that the company had knowledge thereof. Claims dismissed.
Semble: There is no justification for the application in the South African law of insurance of the principles of the English law of insurance (including the theory of insurable interest) B and there is no reason why the contract of insurance should not be considered according to the principles of the Roman-Dutch law.

Case Information

Aksie op versekeringspolisse. Die feite blyk uit die uitspraak.

C *E Bertelsmann* namens die eiser.

P P Delport namens die verweerder.

Cur adv vult.

Postea (Maart 2). D

Judgment

DE VILLIERS R: Die eiser spreek die verweerder assuransiemaatskappy aan ingevolge die bepalings van twee versekeringskontrakte: eerstens, 'n versekeringskontrak wat gehandel het oor 'n huiseienaarspolis waarin meubels in 'n huis verseker is, en die tweede kontrak waarin die huis self E verseker is.

Dit is gemeensaak dat die huis afgebrand het ten gevolge van 'n vuur wat ontstaan het buite die beheer van die eiser. Indien die eiser sou slaag, het die partye ooreengekom dat die eiser geregtig sal wees op 'n bedrag van R240 500 vir die verlies van die meubels en wat die huis self betref op 'n bedrag van R37 F 143.

Dit is ook gemeensaak dat die eiser 'n ongerehabiliteerde insolvent was toe hy die aansoek om versekering onderteken het.

Die verweerder het twee verwere geopper met betrekking tot die eiser se eis. Eerstens dat die verweerder toegee dat die eiser 'n versekerbare belang gehad het met betrekking tot die meubels G en goedere binne-in die huis, maar dat die eiser nie 'n versekerbare belang gehad het in die huis wat hy verseker het nie, en gevolglik dat daardie ooreenkoms nie afdwingbaar is teen die verweerder maatskappy nie. Die tweede verweer wat geopper is, was dat die eiser insolvent was op die dag dat hy die ooreenkoms met die verweerder maatskappy gesluit het, dat H hy verplig was om die maatskappy hiervan in kennis te stel, maar versuim het om dit te doen en dat indien die verweerder hiervan geweet het, hy nie die ooreenkoms met die eiser sou aangegaan het nie.

Dit is gemeensaak dat die eiser die betrokke huis bewoon het ten gevolge van 'n skikkingsooreenkoms, bew A, wat hy aangegaan I het in 'n saak wat voor hierdie Hof gedien het. Die tersaaklike bepalings van hierdie ooreenkoms was dat die eiser die betrokke huis (wat hy verseker het) kosteloos kon bewoon vir solank as wat die Provinsiale Administrasie, wat die eienaar van die grond was waarop die huis geleë was, dit nie benodig het nie. Dit blyk dat die Provinsiale Administrasie J genoeë geneem het met die reëling.

DE VILLIERS R

A 'n Verdere bepaling van die ooreenkoms, bew A, dui dat die eiser ook geregtig sou wees op die gebruik van water en elektrisiteit teen geen betaling nie.

Namens die verweerder is aangevoer dat die eiser se reg om sonder betaling in die huis te bly, en die ander voorregte wat hy kosteloos geniet het, nie 'n versekerbare belang daargestel B het nie, omrede die Provinsiale Administrasie te eniger tyd met hul padbouprogram kon begin en gevolglik die huis kon sloop.

Dit is insiggewend dat daar geen poging deur die verweerder aangewend is om te probeer aantoon dat die ooreenkoms as sulks neerkom op 'n weddenskap en om dié rede nie afdwingbaar was nie.

C Omrede die versekeringsreg in Suid-Afrika tot 'n baie groot mate beïnvloed is deur die

Engelse reg, is dit amper as vanselfsprekend aanvaar dat die beginsels van toepassing in die Engelse versekeringsreg ook geld vir versekeringskontrakte in Suid-Afrika. Vandaar dat die teorie van versekerbare belang D reeds vir etlike dekades as deel van ons reg beskou is. Na my mening bestaan daar geen regverdigingsgrond hiervoor nie, en is daar geen rede waarom die versekeringskontrak nie ingevolge die beginsels van die Romeins-Hollandse reg benader moet word nie.

Dit kom my voor dat die maatstaf van versekerbare belang waaraan 'n versekeringskontrak gemeet word om te bepaal of dit E neerkom op 'n weddenskap, onnodiglik die kontraktuele vryheid van die versekerde en veral die versekeringsmaatskappy aan bande lê. Dit is 'n tegniese verweer wat dikwels as 'n nagedagte opgewerp word, soos in die huidige saak gebeur het, en ook in die saak van *Phillips v General Accident Insurance Co* F *(SA) Ltd* 1983 (4) SA 652 (W) gebeur het, en wat, indien streng toegepas, tot onbillike gevolge lei.

Met die doel om die trefwydte van die teorie van versekerbare belang uit te brei, om sodoende te verseker dat die versekerde nie 'n onreg aangedoen word nie, is vreemde redenasies soms gebruik om in 'n bepaalde geval te bevind dat die versekerde G wel 'n versekerbare belang in die versekerde saak gehad het. Die rede hiervoor is veral te vinde in die billikheidsreël wat vereis dat 'n niksvermoedende versekerde wat oor baie jare sy premies betaal het nie tekort gedoen word deur 'n tegniese verweer wat deur die versekerde maatskappy opgewerp word, veral waar die maatskappy ten volle op hoogte van sake was, en geweet het dat dit 'n weddenskap was, en dit nieteenstaande jaar na H jaar die premies ontvang het.

Die toonaangewende saak waar daar 'n begin gemaak is om die teorie van versekerbare belang nie eng toe te pas nie, is die saak van *Littlejohn v Norwich Union Fire Insurance Society* 1905 TH 374 waar WESSELS R op 380 die volgende sê, nadat hy die I Engelse en Amerikaanse gesag op die aspek nagegaan het:

> "The principle to be deduced from these cases appears to be this: If the insured can show that he stands to lose something of an appreciable commercial value by the destruction of the thing insured then even though he has neither a *jus in re* nor a *jus ad rem* to the thing insured, his interest will be an insurable one."

Die outeurs Gordon en Getz *South African Law of Insurance* 2de uitg huldig nie hierdie benadering nie. Dit moet derhalwe J aanvaar word dat volgens hulle benadering die versekerde nie sou kon slaag in sy eis nie,

DE VILLIERS R

omrede hy nie 'n versekerbare belang in die versekerde saak A gehad het nie. Hierdie afleiding volg natuurlike wyse uit 'n strenge toepassing van die beginsel van versekerbare belang, want hoewel Littlejohn 'n belang in sy vrou se winkel en inhoud gehad het, was dit nie 'n versekerbare belang nie. Al voordeel wat hy uit sy vrou se winkel gekry het, was dat hy die bestuurder was en hy en sy vrou uit die winkel gelewe het. Dit B was nie bewys dat dit sy enigste bron van inkomste was nie.

'n Verdere voorbeeld van hoe die trefwydte van die begrip verbreed is, word toegelig in die saak van *Steyn v Malmesbury Board of Executors and Trust and Assurance Co* 1921 CPD 96. Die verhuurder het sy grond verhuur waarop daar kafmiedens was. Ingevolge die huurkontrak kon die huurder die kafmiedens C gebruik. Die Hof bevind dat die versekerde 'n versekerbare belang gehad het in die kafmiedens omrede die verrotte kaf stikstof, fosfaat en potas in die grond sou sit.

Dat die begrip nie altyd logies toegepas word nie, hoef dus nie beklemtoon te word nie. Dit word aanvaar dat 'n persoon wat sy lewe verseker 'n versekerbare belang het, hoewel daar geen D sprake hiervan is nie. Sy belang is niks anders as 'n morele belang om te sorg dat sy erfgename begunstig word. Sy belang kan vergelyk word met dié van 'n ouer wat die motor wat hy vir sy kind present gegee het en dit dan verseker.

In beide gevalle ly die versekerde nie skade nie en het klaarblyklik nie 'n versekerbare belang nie. Die erflater staan E onder geen verpligting om sy lewe te verseker, en die ouer ook nie om die motor te verseker nie. Tog word aanvaar dat daar wel 'n versekerbare belang is wat die erflater betref, en is dit te betwyfel of die versekerde in

die tweede voorbeeld 'n versekerbare belang het, indien die begrip streng toegepas word.

Dit is hierdie losse toepassing van die dekveld van die begrip F versekerbare belang wat tot baie onsekerheid lei, en kan daar amper gesê word dat dit alleen 'n leidraad is en geen vaste beginsel nie. Dit word dikwels uit die oog verloor dat die begrip alleenlik dien om te onderskei tussen afdwingbare versekeringskontrakte en nie-afdwingbare versekeringskontrakte G waar die kontrak as 'n weddenskap bestempel kan word. Die ondersoek moet myns insiens eerder gaan oor die vraag of die kontrak neerkom op 'n weddenskap of nie, en nie deur te bepaal of die versekerde 'n versekerbare belang het al dan nie. Om te bepaal of die ooreenkoms 'n weddenskap is, kan dit wees dat die feit dat die versekerde nie 'n versekerbare belang gehad het nie, in ag geneem word, maar dit beteken nie dat indien die H versekerde nie 'n versekerbare belang gehad het nie, die ooreenkoms neerkom op 'n weddenskap.

Wanneer daar 'n ondersoek ingestel word of 'n betrokke kontrak neerkom op 'n weddenskap of nie, is dit vanselfsprekend dat daar ondersoek ingestel word oor die vraag wat die bedoeling van die partye was toe hulle die kontrak gesluit het. Dit kan I bepaal word deur te kyk na die kontrak self en ook na omliggende omstandighede.

In gevalle waar die versekerde 'n morele belang het, soos waar die erflater sy lewe verseker, of die ouer die motor wat hy aan sy kind geskenk het, verseker, kan die vraag of die ooreenkoms neerkom op 'n weddenskap opgelos word deur aanwending van die Romeins-Hollandse regsbeginsel van 'n beding ten behoewe van 'n J derde. Die erfgename neem

1985 (4) SA p12

DE VILLIERS R

A die voordele van die lewensversekeringskontrak aan en kan daar dus geen sprake wees van 'n weddenskap nie. Dit sou ook geld waar die kind die voordeel van die versekeringsooreenkoms aanvaar wat sy ouers met die versekeraar gesluit het.

Wat die huidige geval betref, is dit opmerklik dat die B verweerder net aangevoer het dat die versekerde nie 'n belang in die huis gehad het nie. Daar is geen poging aangewend om ondersoek in te stel na die vraag of die ooreenkoms 'n weddenskap is of nie. Trouens, ek sou my verbaas het indien die maatskappy wat ten volle op hoogte van sake was en gevolglik bewus was dat dit 'n weddenskap was, sou aanvoer dat die ooreenkoms nie afdwingbaar was omrede dit 'n weddenskap was en C dit terwyl hulle vir die afgelope aantal jare die premies ontvang het.

Afgesien hiervan is dit duidelik dat die premies aktuarieel bereken word met inagneming van baie omstandighede. Dit is ook so dat die premies in baie gevalle van tyd tot tyd aangepas word met inagneming van ekonomiese en ander faktore. Die D versekerde word dan die kans gebied om òf die verhoogde premies te betaal - òf te aanvaar dat die ooreenkoms op die hernuwingsdatum verval.

Dit is duidelik dat, wat die assuransiemaatskappy betref, die premies uitgewerk word om hulle 'n redelike vergoeding te verskaf, nie alleen vir die moontlikheid om in sekere gevalle E 'n baie hoë uitbetaling te maak nie, maar ook om hul bedryfskoste te dek. Wat die versekerde betref, is die premies weer hoog omrede hy jaar na jaar die premiegelde moet betaal terwyl die kans dat die gebeurtenis plaasvind relatief klein is, met die gevolg dat die versekerde (soos in die huidige geval) sy goedere gewoonlik onderverseker.

F Dit is ook so dat die versekerde indien hy 'n sê in die saak het, sou verkies dat die gebeurtenis nie plaasvind nie. Dit volg logies nie alleen omrede so 'n hoë persentasie versekerdes onderverseker is nie, maar ook vanweë die ongerief. In teenstelling hiermee wil die wedder graag hê dat die gebeurtenis plaasvind en is hy nie geneig om jare te wag dat die gebeurtenis, indien ooit, plaasvind nie, en is hy gewoonlik G uit op winsbejag.

Met die voorgaande in gedagte, is dit na my mening duidelik dat die eiser nie 'n weddenskap met die verweerder aangegaan het nie, en is die ooreenkoms derhalwe afdwingbaar.

Ek is verwys na die saak van *Green v Heyman*1963 (3) SA 390 (T) H en veral *Van Achterberg v Walters*1950 (3) SA 734 (T), waar die begrip versekerbare belang bespreek

is. Omrede my benadering is dit nie nodig om na die sake te verwys nie, behalwe dat indien die huidige saak aan die maatstaf van versekerbare belang gemeet word, is die woorde van MILNE R in I die saak van *Van Achterberg* ter aangehaalde plaatse op 740F tersake, naamlik:

> "By virtue of the lease the lessee has an insurable interest in the property let to him, and although he cannot usually recover more than the value of his own interest, he is entitled to insure for the full value of the property."

Dit bring my nou tot die tweede punt waaroor ek uitsluitsel moet gee voor ek die feite behandel. Dit gaan hier oor die vraag of die versekerde moes openbaar dat hy 'n J ongerehabiliteerde insolvent was, toe hy die ooreenkoms met die verweerder gesluit het. Dit amptenare van die

1985 (4) SA p13

DE VILLIERS R

maatskappy het hierna verwys as die morele risiko, naamlik die A risiko wat verbonde is of te make het met die persoon van die versekerde. Is hy 'n persoon wat weens een of ander gebrek in sy persoon die risiko dat hy homself sal vergryp aan die bepalings van die kontrak en sodoende die aanspreeklikheid van die maatskappy sal beïnvloed, sal vergroot. Toe die eiser aansoek gedoen het vir 'n hernuwing van sy assuransiekontrak, moes hy weer 'n aansoekvorm voltooi. Hieruit blyk dit dat hy B gemeensaak was om opnuut aansoek te doen vir versekering van sy eiendom en dat die verwysing na 'n hernuwing van sy bestaande versekeringsooreenkoms 'n verkeerde indruk skep. Inderdaad het die ou versekeringskontrak ten einde geloop en het hy 'n nuwe ooreenkoms aangegaan met die versekeringsmaatskappy. Dat die maatskappy nie weer die persele C besoek het nie, en sekere verdere informasie vanaf die ou kontrak woordeliks oorgeskryf het in die nuwe ooreenkoms, het nie die gevolg dat die nuwe ooreenkoms eintlik die ou ooreenkoms is wat net weer vir 'n jaar verleng word nie. Dit was toegegee deur die verweerder dat daar geen spesifieke vraag D gevra is of die eiser 'n ongerehabiliteerde insolvent is nie. Daar is aangevoer dat dit die eiser se plig was om dit aan die maatskappy te openbaar. Ek is egter van mening dat dit die plig was van die eiser om aan die verweerder maatskappy te openbaar dat hy 'n ongerehabiliteerde insolvent was. Hy was bewus daarvan dat hy op 'n stadium nie sy krediteure kon betaal nie. E Dit maak nie saak dat die eiser getuig dat hy borg gestaan het vir die skulde van sy maatskappy wat bankrot gespeel het nie. Dit is voor die hand liggend dat die eiser daarvan bewus was dat hy nie meer vrylik kan kontrakteer nie. Gevolglik is ek van mening dat hy aan die verweerder moes meegedeel het dat hy insolvent was en nog nie gerehabiliteer nie. Vir die maatakappy was hierdie kennis klaarblyklik belangrik. Ek is meegedeel, en F aanvaar dit, dat die maatskappy nie die eiser se goedere sou verseker het indien hulle daarvan bewus geword het dat hy 'n ongerehabiliteerde insolvent was nie. Dit is vir my moeilik om te begryp waarom daar nie 'n spesifieke vraag in die verband in die aansoekvorm verskyn nie. In *Grusd v norwich Union Fire Insurance Society Ltd* 1922 WLD 146 kom WARD R tot die G gevolgtrekking dat waar 'n assuransiekontrak hernu word dit die plig is van die versekerde, of hy daarna gevra is of nie, om aan die maatskappy te openbaar dat hy 'n ongerehabiliteerde insolvent is. In hierdie verband sê WARD R:

> "It was further suggested that as the proposal only applied to the original contract and not to the renewal on the dates of H renewal, the assured was only under an obligation to disclose facts which were material to the risk and that there was no obligation on him to disclose, unless a question was then specifically asked, whether he had been insolvent or not. It seems to me, however, that it is of great importance for the insurance company, because whether a man is bankrupt or not affects the whole personality of the assured."

I WARD R verwys ook na die volgende paragraaf wat voorkom in *Fire Insurance* 5de uitg op 197:

> "The duty of disclosure attaches to the renewal of a policy to the same extent as to the making of the original policy and the renewed insurance is equally liable to be avoided by reason of the breach of this duty."

Mnr *Bertelsmann* het nie sterk daarop gestaan dat daar nie so 'n plig op sy kliënt gerus het nie, maar het aanvaar dat die maatskappy van hierdie feit bewus was omrede hy dit voorheen J aan 'n amptenaar openbaar het.

1985 (4) SA p14

DE VILLIERS R

A Die vraag wat derhalwe beantwoord moet word, is of die verweerder homself gekwyt het van die bewyslas om te toon dat hy nieteenstaande die ooreenkoms daarvan verskoon is om die eiser te vergoed ingevolge die bepalings van die ooreenkoms. Die eiser het getuig dat hy te Zandfontein op Brits betrokke B was in 'n silika sandmyn. Hy het getuig dat hy in 1979 sekere versekeringskontrakte aangegaan het met die verweerder maatskappy, soos uiteengesit op bew J, wat 'n opsomming is van die verskeie kontrakte wat aangegaan is in hierdie tydperk. Hy het ook die voorgeskiedenis gegee van die omstandighede wat geheers het toe hy hierdie kontrakte aangegaan het. Hy en sy C vrou het borg gestaan vir die skulde van 'n privaatmaatskappy bekend as Topkor. Topkor is gesekwestreer en gevolglik is die boedels van homself en sy vrou ook gesekwestreer in 1977 omrede hulle nie die skulde van Topkor kon betaal nie. Gedurende hierdie tydperk het hy 'n belang gehad in 'n silika myn en was al die myntoerusting en sekere van die myn se voertuie verseker by Standard General D Versekeringsmaatskappy, waar die toerusting van Topkor ook verseker was.

Sy versekeringskontrakte het ten einde geloop by Standard General Insurance Company omdat Topkor gelikwideer was. Hy het toe besluit om sy privaat-eiendom te verseker. Hy het die saak met ene Potgieter bespreek wat hom aan 'n sekere Venter, een E van die bemarkingsagente verbonde aan die verweerder maatskappy, voorgestel het. Met die ontmoeting het Potgieter aan Venter gesê, "Hierdie is Steyn, van wie ek jou vertel het, wat belangstel in versekering." Volgens die eiser het Venter besonderhede by hom geneem en onderneem om te reël vir sy versekering. Hy is terug na sy silika myn. Hierna het 'n sekere F Saayman hom besoek om die sake wat hy wou verseker te ondersoek en sy huis wat hy ook wou verseker, te inspekteer.

Saayman het deur die huis geloop en na alles gekyk. Al wat Saayman van hom wou geweet het, was waar hy voorheen verseker was. Hy het aan Saayman gesê by die Standard General. Daarop G het Saayman aan hom gevra waarom hy nie verder verseker by Standard General nie, waarop hy aan Saayman gesê het dat hy en sy vrou se boedels gesekwestreer was omdat die maatskappy bekend as Topkor gesekwestreer is en hulle nie die skulde van die maatskappy kon betaal nie. Hy was begerig om by 'n ander maatskappy sy huis en die inhoud te verseker.

H Nadat Saayman die huis deurgeloop het, was hy tevrede dat alles in orde was en het hy toe vir Saayman 'n tjek van R1 369 op 29 Junie 1979 gegee vir die polisse wat vermeld is op bew J. Gerieflikheidshalwe is die polisse wat op bew J uiteengesit is na verwys as nommers A, B, C, D, E, F, G, H, J, omdat die I syfers wat op die indiwiduele polisse voorkom baie lank is. Hy het verder getuig dat die inligting aangedui op polis A, wat aantoon: "Huiseienaarspolis uitgereik aan Steyn" waarvan 'n woonhuis vir R120 000 verseker word, nie volledig was nie. Daar was twee verdere geboue wat aan Eggo Sand behoort het wat blykbaar ook op die polis genoteer moes gewees het.

In 1980 het hy 'n eis ingestel vir 'n radio en 'n yskas wat J vermeld was onder K in die polis, bew J. Hy het 'n onderhoud gevoer met 'n sekere

1985 (4) SA p15

DE VILLIERS R

mnr Muller te Pretoria nadat hy sy eis voltooi het: sy eis is A aanvaar. Hy is uitbetaal vir die stoof, die hoëtroustel is herstel deur Hifi Installations te Pretoria op rekening van die verweerder.

Later, op 3 Oktober 1981, het hy vir die betrokke woonhuis wat hy in gewoon het en waaroor dit in hierdie saak gaan, in sy eie naam verseker by die verweerder. Hy het verwys na polis A op B bew J. Die waarde waarteen hy die huis verseker het, is toe verhoog na R80 000 en die inhoud van die huis is verhoog na R65 000. Hy was met vakansie by die strand toe hy gehoor het dat sy huis afgebrand het. Hy het teruggekeer, 'n lys gemaak waarin hy uiteengesit het welke goedere beskadig is (dit word vervat op bew E). Die eis is by die maatskappy ingedien; later ontvang hy 'n brief van die maatskappy waarin hy in kennis C gestel word dat die verweerder nie

verantwoordelikheid vir die skade aan die huis en die inhoud aanvaar nie.

In kruisondervraging is aan die eiser gestel dat Saayman sou ontken dat hy enige kennis gedra het van die feit dat die eiser 'n ongerehabiliteerde insolvent was ten tye van die aansoek vir D die polis, en verder dat daar nooit verwys is na die insolvensie van Topkor nie. Die eiser het egter volgehou dat hy aan Saayman oorgedra het dat hy en sy vrou se boedels gesekwestreer is omrede Topkor in likwidasie geplaas is. Dit is ook gestel dat die eiser se siening dat die ou polis met 'n paar veranderings hernu is, verkeerd is. Dat die sogenaamde E hernuwing wat die eiser van praat, 'n nuwe aansoek vir 'n nuwe polis was.

Die volgende getuie namens eiser was ene Potgieter wat getuig het dat hy die eiser goed ken, hulle is goeie vriende en hulle is ook sakekennisse. Hy het van Steyn se persoonlike omstandighede geweet; dat Topkor in likwidasie was, dat beide F Steyn en sy vrou se boedels gesekwestreer was. Gedurende 1977 wou die eiser 'n lid word van 'n motortoerklub van die verweerder. 'n Gesprek het toe plaasgevind tussen eiser en 'n sekere Nagel wat op daardie stadium 'n eisebestuurder van die verweerder was, en ene Muller en 'n sekere Ferreira in die kantore van die AA waar hy teenwoordig was. Hulle het tee G gedrink, en hy onthou dat daar gemeld was dat Steyn en sy vrou se boedels gesekwestreer was. Hy was seker dat Muller teenwoordig was tydens die gesprek. Hy onthou dat hy self aan Nagel en Muller hierdie feite gedurende die gesprek oorgedra het.

Twee jaar hierna, ongeveer 1979, gesels hy en Steyn in verband met versekering. Hy raai toe vir Steyn aan om sy eiendom en H besittings by die verweerder te verseker. Hy het toe vir Venter, 'n vroeëre kollega van hom, gaan spreek en die posisie van die eiser uiteengesit, en gesê dat die eiser begerig was om sy versekering na die verweerder oor te plaas. Hy het aan Steyn verduidelik dat die eiser sy goedere by 'n ander maatskappy I verseker het voordat Steyn se boedel gesekwestreer is.

Toe is hy en Venter uitmekaar met 'n onderneming waar Venter aan Potgieter sê dat Steyn, hoewel hy nie op daardie stadium hierdie soort versekering by die verweerder behartig het nie, sou sorg dat Steyn geholpe raak en self die versekering van Steyn se goedere sou behartig. Volgens Potgieter het hierdie gesprek in Pretoria voor die Robert Koch gebou plaasgevind. Hy J het gesien dat Venter 'n nota maak in sy

1985 (4) SA p16

DE VILLIERS R

A sakboekie. Hy het die sakboekie, bew M, identifiseer en na 'n nota verwys waar die volgende voorkom onder die datum 22 Junie 1979: "Jan Venter, AA, Hardy".

In kruisondervraging is aan Potgieter gestel dat Venter sou ontken dat daar aan hom genoem is dat Steyn insolvent was, en B dat hy en Potgieter nie sulke goeie vriende was as wat Potgieter wou voorgee nie en ook nie meer sake gedoen het nie, omrede Potgieter, wat een van die verweerder se geregistreerde makelaars was, se kontrak met die verweerder beëindig is omrede daar 'n tekort aan geld was wat Potgieter nie betyds oorbetaal het nie. Potgieter het erken dat die probleem tussen hom en die verweerder was dat hy nie die premies wat hy namens hulle C gevorder het betyds oorbetaal het nie en as gevolg hiervan is sy agentskap beëindig by die verweerder.

Muller, wat huidiglik 'n vryskut makelaar te Kaapstad is, het getuig dat hy tussen 1970 en 1980 by President Versekeringsmaatskappy en later by die Mutual werksaam was. D Vanaf 1976 tot 1980 was hy werksaam by die verweerder maatskappy. In 1976 was hy eise-superintendent van die verweerder maatskappy. Later het daar 'n probleem ontwikkel toe hy in Bloemfontein in die maatskappy se diens was en ten gevolge daarvan het hy self besluit om uit die maatskappy se diens te tree.

Sy werk by die verweerder maatskappy was om eise te behandel. E Die gesprek kan hy onthou, toe Steyn by hul toerklub wou aansluit; hy, Potgieter, Steyn, Nagel en Ferreira was teenwoordig. Hy kan onthou dat beide Potgieter en eiser gemeld het dat Steyn insolvent was.

In Oktober of November 1979 het hy weer vir Steyn gesien, nadat Steyn 'n eis by die verweerder maatskappy ingedien het. Dit was F in verband met 'n yskas en hoëtroustel wat beskadig is deur weerlig. Hy het geweet dat die hoëtroustel wat ook beskadig is, gerepareer is deur Hifi Installations. Hy het onthou dat hulle vir Steyn 'n kontant bedrag

gegee het om 'n nuwe yskas by Dion's te koop. Die eis is eintlik ingestel in 1980. Op daardie stadium was hy volledig daarvan bewus dat die eiser 'n ongerehabiliteerde insolvent was en wat hom betref, solank 'n G premie vooruit betaal word, speel insolvensie geen rol by 'n aansoek om versekering by die verweerder maatskappy nie.

Hy was nie daarvan bewus dat 'n insolvent se aansoek om versekering afgewys is deur die verweerder maatskappy nie. Daar verskyn ook geen vraag in die aansoekvorm wat direk of indirek H verband hou met die moontlike insolvensie van die aansoekdoener nie.

Hy berei al die dokumente voor wanneer daar 'n eis aanhangig gemaak word en stuur dan die stukke na die ander departement met sy aanbeveling oor die bedrag wat uitbetaal moet word. Op daardie stadium is die stukke aan Ferreira voorgelê wat die I uitbetaling dan goedgekeur het of nie.

Hy was nie seker of Ferreira die hele tyd by was ten tye van die gesprek waar Nagel, Potgieter en Steyn by was nie. Volgens hom het Ferreira inen uitgeloop. Sover hy onthou was Ferreira en Nagel op hoogte van die feit dat Steyn 'n ongerehabiliteerde insolvent was. Hy het toegegee dat sy werk as eiseklerk niks te J make gehad het met die uitneem van 'n polis nie, al wat die eiseklerk doen, was om seker te maak dat die polis nog van krag

1985 (4) SA p17

DE VILLIERS R

was ten tye dat die goedere wat verseker was, beskadig of A vernietig was, en blykbaar om die bedrae wat geëis word om die goedere te vervoer of te repareer, te kontroleer.

Hy het toegegee dat die betrokke polis deur die Rustenburgse kantoor uitgereik was en dat die kantoor op Pretoria niks te make gehad het met die uitreiking van daardie betrokke polis B nie. Hy het verder getuig dat dit algemene kennis by hom en ander amptenare van die verweerder maatskappy was dat Steyn insolvent was.

Met die uitbetaling van die eis in 1979 - 80, het hy nie aan Ferreira genoem dat Steyn insolvent was nie. Dit was die saak vir die eiser.

Die eerste getuie vir die verweerder was ene Saayman wat getuig het dat hy voorheen in diens van die verweerder was. Op die C stadium van die eiser se onderhandelinge met die verweerder was hy te Rustenburg 'n inspekteur, in diens van die verweerder maatskappy. Hy het 'n vaste salaris gekry en het nie op 'n kommissie basis gewerk nie.

Hy het verwys na die twee aspekte wat in ag geneem word by die uitreiking van 'n polis, naamlik sogenaamd die morele risiko en D die fisiese risiko. Hy het met Steyn in 1979 in aanraking gekom, hy kon nie meer onthou hoedat dit gebeur het nie, of van wie hy 'n boodskap gekry het nie, maar dit kan redelik aanvaar word dat hy 'n boodskap gekry het van òf Steyn persoonlik, òf van iemand wat vir hom daarvan sou vertel het dat hy vir Steyn E moet sien. Hoe dit ook al sy, op 29 Junie 1979 gaan hy uit met al sy dokumente na die hoewe waar Steyn gebly het. Steyn verduidelik toe aan hom wat hy alles wil verseker en dat sekere van die geboue en implemente behoort aan Eggo Sand, ander aan ene Hattingh, en dat sekere geboue en goedere aan homself behoort. Hy was bereid om al hierdie sake te verseker by die F maatskappy. Hy het verwys na bew K, wat 'n goeie samevatting is van wat hulle daaroor ooreengekom het.

Hy het getuig dat al die polisse inderdaad uitgereik is en, omdat die polisse saamgehang het met mekaar, het hy vier kwitansies uitgereik: een vir polisse C, D, A en B; 'n tweede kwitansie vir polisse E, F, G; 'n derde ene vir H, en 'n vierde ene vir J. Eggo Sand is aan hom genoem; hy het van Steyn G verstaan dat sekere eiendom aan Eggo Sand behoort en dit is om dié rede dat verskillende polisse uitgeneem is en dat Eggo Sand as die belanghebbende genoteer is, byvoorbeeld, in polis A.

Hy het toegegee dat die R120 000 nie alleen die woonhuis van Steyn gedek het nie, maar ook twee geboue ingesluit het. Die tjek, bew B, vir R1 369 is aan hom oorhandig op 29 Junie 1979. H Hy het 'n kwitansie, bew H, uitgeskryf vir hierdie bedrag wat die premie op die drie polisse E, F en G gedek het. Hy het ontken dat Steyn te enige tyd aan hom genoem het dat hy insolvent is. As Steyn so gesê het, sou hy geweier het om Steyn se eiendom te verseker. Dit was volgens hom reëlreg teen die opdrag van die maatskappy.

Hy was nie seker of 'n insolvent I wettiglik so 'n aansoekvorm kon teken nie. Volgens hom was dit baie belangrik dat sy maatskappy in kennis gestel word of die aansoekdoener insolvent was al dan nie. Dit was vir hom vanselfsprekend dat 'n aansoekdoener verplig was om die feite te openbaar omrede die morele risiko so hoog is in geval van 'n ongerehabiliteerde insolvent dat die verweerder sou weier om so J 'n persoon se goedere te verseker.

1985 (4) SA p18

DE VILLIERS R

A Hy het ontken dat hy aan Steyn gesê het dat hy navraag sou doen by die Standard General, oor Steyn se vorige versekering by daardie maatskappy. Hy het van die eiser vernéem dat hy voorheen verseker was by Standard General Versekeringsmaatskappy. Wat hom betref was daar hoegenaamd geen B rede om navraag te doen by Standard General oor hierdie aangeleentheid nie. Hy het verwys na die aansoekvorm wat Steyn voltooi het, bew G, en het getuig dat geen van die antwoorde wat Steyn gegee het op bew G enigsins vir hom agterdogtig gemaak het nie en hy derhalwe nie by Standard General self gaan navraag doen het nie.

As Steyn aan hom gesê het dat hy 'n ongerehabiliteerde insolvent was, dan sou dit nie vir hom nodig gewees het om C enige navraag te doen nie, en sou hy summier geweier het om voort te gaan met Steyn se aansoek om versekering.

Hy het erken dat daar in bew M, wat ingehandig is, en wat 'n aansoek is om versekering, wel 'n vraag gevra word, naamlik of die applikant insolvent was of nie, en dat so 'n vraag nie in D bew G voorkom nie. Volgens Saayman kan die rede vir die verskil daaraan toegeskryf word dat bew M 'n aansoek vir versekering deur 'n maatskappy is, terwyl bew G 'n aansoek deur 'n indiwidu is om versekering. Dit was moeilik vir my om Saayman se redenasie te volg.

Venter het getuig dat hy die takbestuurder te Bloemfontein is. E Hy is sedert 1939 aktief betrokke in versekeringswêreld. Hy was onderskrywingsuperintendent by die verweerder maatskappy sedert 1967. Alle aansoeke het hy self deurgegaan om te besluit of die applikant kan aanvaar word of nie. Hy het saam met Van der Merwe gewerk as medebestuurders. Omdat daar naderhand 'n groot mate van wedywering tussen hom en Van der Merwe ontstaan F het, is besluit dat hy in vervolg homself sou toespits op die makelaarskant van die besigheid. Dit het nie beteken dat hy geen versekering sou doen nie, inderdaad was daar vyf persone wat by hom ingestap het en wie se versekering hy behartig het. Die eiser in hierdie saak was die vyfde persoon. Hy is uitgevra oor sy ondervinding in die assuransiebesigheid. Dit is duidelik G uit die eksamens wat hy geslaag het, sy ondervinding en sy kennis van versekering, dat hy sy vakgebied goed bemeester het, en 'n uitgebreide kennis van versekering gehad het.

Hy het ook bevestig dat die verweerder maatskappy nie sake met 'n ongerehabiliteerde insolvent sou doen nie. Daar is 'n goeie rede hiervoor. Die ondervinding het geleer dat daar 'n toename H in eise by sy maatskappy hier teen die end van Januarie of na die lang vakansies is. Dan kry hulle te make met fiktiewe verliese en/of gevalle waar die eis gelaai is, wat gewoonlik die gevolg daarvan is dat mense na 'n vakansie 'n tekort aan geld het. Dit is juis hierdie aspekte wat vir hulle as maatskappy en vir alle versekeraars 'n bron van kommernis is en I 'n probleem-area daarstel. Volgens hom is die kans dat 'n persoon wat reeds betalingsprobleme gehad het en gesekwestreer is, groter om homself te vergryp aan die bepalings van die ooreenkoms as 'n persoon wat nog nie sulke probleme gehad het nie. Hierdie risiko is so aktueel dat waar daar reeds probleme ondervind word met mense wat nie voorheen betalingsprobleme gehad het nie, die maatskappy die morele risiko ingevolg van 'n J insolvent so hoog aanslaan dat hulle so 'n persoon se goedere nie sal verseker nie.

1985 (4) SA p19

DE VILLIERS R

Hy het Muller se getuienis dat op voorwaarde dat 'n premie A betaal word assuransie aanvaar word en aangeneem word, nieteenstaande die aansoeker insolvent is, verwerp. Dit, sê hy, is nie soos wat sy maatskappy met sulke aansoeke handel nie. Hy het ontken

dat hy vir die eiser in Augustus/September ontmoet het deur Potgieter, wat hom voorgestel het aan Steyn voor die B Robert Koch-gebou. Hy was van mening dat dit voor die Volkskasgebou was, maar was nie te seker hieroor nie, aangesien dit lank gelede was. Potgieter het vir hom gesê dat Steyn die man is wat reeds besigheid by die AA gehad het. Daarna het hy weer vir Steyn gesien ongeveer 30 Oktober; Steyn het by sy kantoor ingekom te Sentrakorgebou. Steyn wou 'n polis hernu. Hy het toe vir mev Avenant gevra om die rekords in verband met die C aansoek te trek. Sy sê, nadat sy die komperstrokie gekry het, dat die betrokke versekering reeds op 29 Junie 1980 verval het weens nie-betaling van premies. Hy het gesê dat alles op daardie stadium was nog presies dieselfde, behalwe dat hy die inhoud van die huis nou wou verseker vir R55 000. Hy het verwys na bew L, die komperstrokie; hy het ook verwys na polis K op D bew J, wat uitgereik was op 3 Oktober 1980.

Geen nuwe voorwaardes is in die aansoekvorm ingevul nie. Die voorwaardes van die ou polis het nog gedien as basis vir die nuwe polis; hy het geen ander gesprek met Steyn gehad nie; Steyn het glad nie aan hom aangetoon dat hy insolvent is nie; E hy het dit nie geweet nie; hy was nie bewus van enige gesprek met enige van die amptenare betrokke in sy maatskappy oor die feit dat Steyn insolvent was nie. Indien Steyn hom dit gemeld het, sou hy vir Steyn gesê het hy wil nie met hom besigheid doen nie.

Hy ken vir Potgieter etlike jare; hy was nie gretig om met F Potgieter die besigheid te doen nie, die rede daarvoor was dat Potgieter se agentskap gekanselleer was omrede sy maatskappy gesukkel het om premies wat aan Potgieter betaal is, uit Potgieter te kry. Potgieter was begerig om weer 'n agentskap by hulle te kry en as gevolg daarvan het hy dikwels by hulle G aangedoen.

Hy het verder getuig dat hulle in 1977 'n kompermasjien gekry het. Om die een of ander rede het daar 'n gerug die rondte gedoen by hul agentskappe, verteenwoordigers en plaaslike kantore dat, omdat daar nou 'n komper aangeskaf was, alle dokumente vernieig kon word, wat inderdaad gedoen is; om dié rede kon die tersaaklike stukke in die huidige saak nie H ingehandig word nie.

Mevrou Avenant het getuig dat sy by die verweerder maatskappy werk sedert Julie 1980, sy was die sekretaresse van mnr Venter. Destyds was hul kantore in Sentrakorgebou. Sy onthou dat Steyn hulle besoek het. Hy wou mnr Venter spreek; sy het vir hom deurgeneem na mnr Venter. Sy het besonderhede van die bestaande I polis van Steyn by hom gekry en met behulp van die rekenaar bepaal dat die polis reeds verval het omrede die premie nie betaal is nie.

'n Nuwe polis is uitgereik met dieselfde voorwaardes daarin vervat as die ou polis. Die bedrag waarvoor die inhoud van die huis verseker is, is verhoog na R55 000. Steyn het die premie van R450 betaal. Op 2 Oktober 1981 het sy weer vir Steyn J gesien; op daardie stadium het hy ingekom

DE VILLIERS R

A om die polis te hernu. Die polis is hernu, die huis is verseker vir R80 000 en die inhoud is verhoog na R65 000; die premies is verhoog na R618,85 wat Steyn betaal het.

Sy het getuig dat Steyn nooit aan haar genoem het dat hy insolvent was nie. Indien dit genoem is, sou sy hom onmiddellik B na haar bestuurder verwys het. Sy is opgelei om enige feit wat die risiko van 'n polis mag beïnvloed aan haar hoofbestuurder te noem.

Dit in hooftrekke is die getuienis vir die eiser en die getuienis vir die verweerder.

Die algemene indruk wat ek gekry het van die getuies is dat Steyn, net soos die getuies Venter, mev Avenant en mnr Saayman, C 'n goeie indruk op my gemaak het. Die probleem-area in hierdie saak lê egter by die getuienis van Potgieter, wat as getuie nie beïndruk het nie, en Muller, wat my allermins beïndruk het.

Potgieter het vir my die indruk gegee dat hy nie seker van sy feite was nie; hy het verder die indruk gegee dat hy maklik D iets sou sê waarvan hy nie heeltemal seker is nie. Die algemene indruk wat ek van hom kry, is dat hy praat van aspekte wat hy nie eintlik werklik iets van weet nie.

Wat Muller betref, heg ek geen waarde aan sy getuienis nie. Ek verwerp dit. Ek voel dat hy vir my nie die waarheid vertel nie, en die rede hiervoor is die volgende: wanneer hy vir my sê dat hy in die versekerings-wêreld so lank besigheid gedoen het, en E dan vir my wil kom vertel dat die feit dat 'n persoon insolvent is geen verskil maak by die uitreiking van die polis nie, is dit, tensy hy my 'n leuen vertel oor sy ondervinding, 'n opsetlike onwaarheid. Wat vir my verder tref, is die wyse waarop hy hier aan die Hof wil verduidelik dat solank 'n polis opbetaal word dit glad nie saak maak of die persoon bankrot is of nie.

F Daar is ander aspekte van sy getuienis wat my ook nie beïndruk nie; ek het nie nou tyd om daarna te verwys nie. Wanneer ek nou na die getuienis kyk van die twee getuies wat namens die verweerder verskyn het en wat my wel baie beïndruk het, Venter en mev Avenant en Saayman, die drie, dan is daar iets wat vir my opmerklik is in hulle getuienis, en dit is, G hulle getuienis is logies, hulle getuienis pas in by dit wat hulle sê is hulle maatskappy se reëling. Derdens is daar getuienis wat toon dat hierdie maatskappy mense wat insolvent is inderdaad nie sal verseker nie. Venter sê dat hy 'n persoon wat insolvent is nie sal verseker nie, Saayman beaam dit en mev Avenant sê dat indien sy hiervan bewus sou word sy dit aan haar hoofde sou noem, klink dit vir my nie alleen logies nie, maar H baie meer waarskynlik as die stelling wat gemaak was deur Potgieter en Muller.

Dit is hierdie onwaarskynlikheid in die getuienis van die eiser en sy getuies wat na my mening 'n baie groot rol speel by beoordeling van hierdie feite. Indien ek die saak benader op I die getuienis alleen is dit vir my duidelik dat ek kan peil trek op Venter se getuienis, soos aangevul deur Saayman. Beide het 'n goeie indruk op my gemaak, beide se getuienis pas in by die logiese rede waarom daar 'n groter risiko is om 'n ongerehabiliteerde insolvent te verseker. Beide het getuig dat hulle nie bewus was dat Steyn insolvent was nie. Mevrou Avenant bevestig hulle getuienis. Daar bestaan geen werklike rede J waarom die drie getuies leuens hier sou kom vertel nie. Maar veral bestaan daar geen rede

DE VILLIERS R

waarom hulle, en dit het veral betrekking op Saayman en Venter, A sou instem om die goedere van 'n ongerehabiliteerde insolvent te verseker teenstrydig met die uitdruklike beleid van hul maatskappy nie. Dit geld veral vir Venter. Steyn was nie 'n vriend of 'n kennis van hom nie. Hy was 'n wildvreemde persoon. Venter het geen voordeel uit die versekering gekry nie, hy het B nie op 'n kommissiebasis gewerk nie. Sy verhouding met Potgieter was nie van so 'n aard dat hy enige spesiale rede gehad het om die reëls van sy maatskappy te verbreek om 'n vriend van Potgieter te help nie. Trouens, uit Venter se getuienis is dit duidelik dat Potgieter 'n oorlas van homself gemaak het.

Saayman was op daardie stadium 'n inspekteur; dit was een van die hoogste poste wat in die platteland beskikbaar was; hy was C nie afhanklik van besigheid wat hy geskryf het nie. Hy het seer sekerlik nie vir Steyn geken nie en weer ontstaan die vraag, waarom sal Saayman teen geen vergoeding, teen geen voordeel Steyn verseker terwyl hy weet Steyn is insolvent? Volgens sy kennis 'n insolvent nie 'n aansoek om versekering D kan teken nie?

Om terug te keer na die waarskynlikhede: Dit is hoogs onwaarskynlik dat Venter vir die eiser sou verseker, teen sy beter wete, naamlik dat dit teen die maatskappy se beleidreëls was om 'n ongerehabiliteerde insolvent te verseker, en dit veral waar die eiser 'n vreemdeling vir Venter was en Venter E geen voordeel uit die optrede kon put nie.

Ek is van mening dat Steyn nie oneerlik is nie. Ek dink die probleem lê daarin dat Steyn aanvaar het dat die maatskappy geweet het hy is insolvent, maar dat hy fouteer wanneer hy sê dit is genoem, en die rede daarvoor is die volgende: Steyn was self van mening dat insolvensie nie 'n rol speel nie. As insolvensie dan nie 'n rol speel nie, dan vra 'n mens jou die vraag af, waarom sal hy dit noem? Om dit te koppel aan Topkor, F vind ek dit moeilik om die kloutjie by die oor te bring. Wanneer daar gepraat was oor Topkor sou dit nie noodwendig volg dat hy moet sê hy en sy vrou is ook insolvent nie, dit volg nie.

Wanneer ek die getuienis van die eiser opweeg teen die getuienis van die verweerder is

daar nie by my die minste G twyfel dat die verweerder maatskappy nie ingelig was oor hierdie insolvensie van die eiser nie.

Op die veronderstelling dat die verweerder maatskappy by monde van Muller geweet het dat die verweerder insolvent is, ontstaan die vraag of kennis aan Muller kennis aan die maatskappy is? 'n Mens is bewus daarvan dat wanneer daar aan 'n maatskappy se verteenwoordiger feite openbaar word dit nie nodig is vir die H aansoekdoener om feite te openbaar wat die maatskappy reeds van weet nie. Dit beteken nie die maatskappy as sulks nie; dit beteken die persoon wat die versekering skryf. Die stelling wat gemaak word in hierdie bew G is 'n stelling wat gemaak word en feite wat gemaak word aan die maatskappy se verteenwoordiger I wat die kontrak aangaan, nie aan 'n verteenwoordiger van die maatskappy wat nie betrokke is by hierdie kontrak van versekering nie. En daar staan dit duidelik dat hy verklaar dat die bostaande besonderhede waar en juis is, en hy geen wesenlike feite weerhou het nie.

Daardie feite moet openbaar word aan die persoon wat die kontrak met die versekerde namens die maatskappy aangaan, of daardie persoon die een is wat die kontrak namens die J maatskappy teken, en of daardie

---

1985 (4) SA p22

DE VILLIERS R

A persoon alleenlik die feite inwin waarop die persoon wat die kontrak later namens die maatskappy uitreik, maak geen verskil nie. Kennis aan 'n lid van die versekeringsmaatskappy is nie noodwendig kennis aan die maatskappy vir doeleindes van die opstelling van die ooreenkoms nie. Muller was 'n B eise-superintendent. As sulks het hy geen direkte belang gehad by die aangaan van 'n versekeringskontrak nie. Al was Nagel en Ferreira op hoogte van die feit dat die eiser insolvent was, beteken dit nie noodwendig dat Venter wat die ooreenkoms met Steyn gesluit het, daarvan bewus was nie.

Ek is derhalwe van mening dat die verweerder maatskappy nie in kennis gestel was dat Steyn 'n ongerehabiliteerde insolvent was C toe die versekeringskontrak gesluit is nie, en gevolglik word die eise van die hand gewys met koste.

Eiser se Prokureurs: *Van der Merwe, Du Toit & Fuchs*. Verweerder D se Prokureurs: *Klagsbruns*.
